



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2006

REKENINGKUNDE

STANDAARDGRAAD

FEBRUARIE/MAART 2006

401-2/0 A

Punte: 300

3 Ure

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

REKENINGKUNDE SG
Vraestel & Antwoordboek



401 2 0A

SG

X05



HIERDIE BLADSY MOET BLANKO GELAAT WORD

INSTRUKSIES

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word voorsien waarin al die vrae beantwoord moet word.
3. Toon AL die berekening sodat deelpunte toegeken kan word.
4. Lees die instruksies noukeurig deur en voer dit stiptelik uit.
5. Kandidate sal punte verbeur vir:
 - 5.1 Weglating van belangrike datums
 - 5.2 Gebruik van niegestandaardiseerde afkortings
 - 5.3 Oormekaarskryf van syfers
 - 5.4 Onnodige inskrywings/vreemde items/beginselfoute
6. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
7. Geen bladsye mag uit die antwoordeboek verwyder word nie. Die antwoordeboek maak voorsiening vir alternatiewe formate van finansiële state.
8. Gebruik die inligting in die onderstaande tabel as 'n riglyn vir die beantwoording van die vraestel en probeer om nie daarvan af te wyk nie.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYDGIDS
1	Bankversoening	49	29 minute
2	Vennootskap	69	41 minute
3	Klub	39	24 minute
4	Maatskappy	52	31 minute
5	Beslote Korporasie	30	18 minute
6	Kontantbegroting	44	27 minute
7	Handelsvoorraad	17	10 minute
	TOTAAL	300	180 minute

VRAAG 1**BANKVERSOENING****(49 punte; 29 minute)**

Onderstaande inligting is geneem uit die rekords van Marula Handelaars. Die onderneming het 'n lopende bankrekening by Chesa Bank.

OPDRAGTE:

- 1.1 Voltooi die Kontantontvangstejoernaal en die Kontantbetalingsjoernaal vir September 2005. (27)
- 1.2 Boek oor na die Bankrekening in die Algemene Grootboek en saldeer die rekening. (7)
- 1.3 Stel die Bankversoeningstaat op 30 September 2005 op. (15)

INLIGTING:**1. Opsomming van die Bankversoeningstaat op 31 Augustus 2005**

Gunstige saldo volgens Bankstaat	6 230
Uitstaande deposito	4 320
Uitstaande tjeks:	
Nr. 288	540
Nr. 334	860
Nr. 442	900
Saldo soos per bankrekening (Dt)	8 250

2. Voorlopige totale volgens die Kontantjoernale

	KOJ	KBJ
Bank	70 960	65 440
Diverse rekeninge	50 760	42 620

3. Vergelyking van die Bankstaat vir September 2005 met die Bankversoeningstaat op 31 August 2005 en die Kontantjoernale vir September 2005 het die volgende verskille getoon:

- 3.1 Die uitstaande deposito op 31 Augustus 2005 van R4 320 was by die bank gekrediteer.
- 3.2 Tjek nr. 288 vir R540 is by die bank gewissel, maar tjek nr. 334 vir R860 is nog uitstaande.
- 3.3 Tjek nr. 442 vir R900 is uitgereik ten gunste van Young Lions Academy (YLA) as 'n donasie. Die tjek het in die pos verlore geraak. Hierdie tjek moet gekanselleer word. 'n Nuwe tjek, nr. 602 vir R1 200 is uitgereik aan YLA op 30 September 2005, maar is nog nie deur YLA gewissel nie. Geen inskrywings is vir hierdie transaksies gemaak nie.
- 3.4 'n Huurder, All Seasons Flora, deponeer maandeliks sy huur, R590, direk in die bankrekening van die onderneming.
- 3.5 Die geweierde tjek vir R670, ontvang van 'n debiteur, W. Ndlovu, is deur die bank teruggestuur, gemerk 'Onvoldoende fondse'.
- 3.6 Die bank het 'n stoporder ten gunste van Multi-surance, R2 000, vir die versekering van die onderneming getoon.
- 3.7 Die bank het die rekening van die onderneming met die volgende gedebiteer:
- | | |
|---|---------|
| • Kontantheringsheffing | R108,00 |
| • Dienskosse | R77,50 |
| • Kosse van 'n tjek- en 'n depositoboek | R64,50 |
- 3.8 Die bank het nog nie die deposito van R7 920, wat op 30 September gemaak is, opgeteken nie.
- 3.9 Benewens bostaande uitstaande tjeks, was daar nog twee ander tjeks wat nie teen die einde van September vir betaling aangebied is nie:
- | | | |
|--------------|---|--------|
| Tjek nr. 551 | - | R1 500 |
| Tjek nr. 592 | - | R3 000 |
- 3.10 Die onderneming het 'n gunstige banksaldo van R9 780, volgens die bankstaat, op 30 September 2005 getoon.

VRAAG 2**VENNOOTSKAP****(69 punte; 41 minute)**

Jy word voorsien van inligting ten opsigte van Wami-na-Wakho Stores met vennote, S. Wami en P. Wakho. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2005.

OPDRAGTE:

- 2.1 Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2005 (42)
- 2.2 Privaatrekening van die vennote soos wat dit as 'n Nota in die Balansstaat op 28 Februarie 2005 sal verskyn (24)
- 2.3 Wami voel dat die handelsvoorraadtekort ondersoek moet word. Wakho stem nie saam nie. Wat is jou mening? Verskaf 'n rede om jou mening te staaf. (3)

INLIGTING:**1. VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 28 FEBRUARIE 2005**

Balansstaatrekeninge-afdeling	Debiet	Krediet
Kapitaal: S. Wami		180 000
Kapitaal: P. Wakho		90 000
Privaatrekening: S. Wami (1 Maart 2004)	5 400	
Privaatrekening: P. Wakho (1 Maart 2004)		7 600
Ottrekkings: S. Wami	53 000	
Ottrekkings: P. Wakho	56 000	
Lening: Star Bank (12% p.j.)		80 000
Grond en geboue	259 750	
Toerusting	72 000	
Opgehoopte waardevermindering op toerusting		24 600
Handelsvoorraad	54 500	
Debiteurekontrole	27 000	
Voorsiening vir oninbare skulde		900
Krediteurekontrole		17 270
Vaste deposito: Fortune Bank	18 000	
Bank		12 460
Wisselgeld	500	

Nominalerekening-afdeling		
Verkope		680 000
Debiteureafslag	8 000	
Koste van verkope	340 000	
Huurinkomste		10 450
Versekering	4 270	
Rente op lening	8 800	
Verpakkingsmateriaal	3 500	
Salarisse en lone	149 600	
Kommissie-inkomste		2 450
Rente op beleggings		1 650
Oninbare skulde	2 000	
Diverse uitgawes	45 060	
	1 107 380	1 107 380

AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING:

1. Wakho het goedere teen kosprys vir eie gebruik geneem, R1 500. Geen inskrywing is gemaak nie.
2. Die jaareind-voorraadopname het die volgende getoon:
Handelsvoorraad – R52 400
Verpakkingsmateriaal – R720
3. Huur is slegs vir 11 maande ontvang.
4. Kommissie van R200 is vooruitontvang vir Maart 2005.
5. Rente op lening moet aangesuiwer word tot 12% p.j. op R80 000 vir die jaar.
6. Een werknemer se loon van R750 is uitgelaat uit die Loonjoernaal vir die week geëindig 26 Februarie 2005.
7. Die versekeringspremie van R850 is nog nie vir die tydperk betaal nie.
8. Voorsiening vir oninbare skulde moet aangesuiwer word tot 5% van die debiteure.
9. Waardevermindering op toerusting vir die jaar beloop R14 400.
10. Die vennootskapsooreenkoms bepaal die volgende:
 - 10.1 Rente op kapitaal vir die vennote is:
S. Wami - R27 000
P. Wakho - R13 500
 - 10.2 Jaarlikse salarisse van die vennote is:
S. Wami - R24 000
P. Wakho - R30 000
 - 10.3 Die oorblywende winste moet tussen Wami en Wakho in die verhouding 2:1 onderskeidelik verdeel word.

VRAAG 3**KLUB****(39 punte; 24 minute)**

Jy word voorsien van inligting wat betrekking het op Dipitsi Atletiekklub.

OPDRAG:

Voltooi die Staat van Ontvangste en Betalings vir die jaar geëindig 31 Desember 2004.

INLIGTING:**1. Saldo's op 1 Januarie 2004**

Bank (Debiet)	8 500
Vaste Deposito: Wonder Bank	20 000
Ledegeldrekening:	
Vooruitontvange inkomste	600
Opgelope inkomste	450

2. Opsomming van transaksies en ander inligting vir die jaar geëindig 31 Desember 2004

- 2.1 Ledegeld ten bedrae van R9 900 is gedurende die jaar ontvang. Die bedrag van R300 is ingesluit vir 2005. Al die agterstallige ledegeld vir 2003 is ontvang, terwyl daar nog R750 verskuldig was vir 2004.
- 2.2 Twintig nuwe lede het gedurende die jaar by die klub aangesluit. Die intreegeld beloop R80 per lid per jaar en is deur al die nuwe lede betaal.
- 2.3 Aankope van atletiektoerusting:
Per tjek - R950
Op krediet - R2 440
- 2.4 Verkope van ou atletiektoerusting vir kontant, R600.
- 2.5 Registrasiefooi ontvang van die atlete vir die Platinum Marathon, R20 000.
- 2.6 Uitgawes betaal vir die organisering van die Platinum Marathon beloop R45 000. Daar is R30 000 as borgskappe van die plaaslike ondernemings ontvang vir die uitgawes van die byeenkoms.

- 2.7 Lone aan die opsigter betaal vir die tydperk Januarie tot November beloop R7 700. Die bedrag vir Desember 2005 is nog nie betaal nie.
- 2.8 Verversings aangekoop:
Op krediet - R1 860
Vir kontant - R2 620
- 2.9 Verversings aan die klub geskenk deur die lede vir die jaar, R430.
- 2.10 Verversings vir kontant aan die lede verkoop gedurende die jaar, R4 740.
- 2.11 Verversings voorhande aan die einde van die jaar, R550.
- 2.12 Honorarium verskuldig aan die sekretaresse, R250.
- 2.13 Affiliasiefooï betaal, R200.
- 2.14 Diverse uitgawes vir die jaar, R9 850.
- 2.15 'n Verdere R5 000 is in 'n Vaste Deposito op 1 Januarie 2004 belê.
- 2.16 R3 000 rente is op die vaste deposito van Wonder Bank vir die hele jaar ontvang.
- 2.17 Rente verdien op die bankrekening vir die hele jaar beloop R450.

VRAAG 4**MAATSKAPPY****(52 punte; 31 minute)**

Sedibeng Beperk is 'n maatskappy met 'n gemagtigde aandelekapitaal van 300 000 gewone aandele teen R2 elk.

OPDRAG:

- 4.1 Voltooi die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek. Saldeer/ Sluit die rekening af op 28 Februarie 2005.
- 4.1.1 Bateverkoperekening (11)
- 4.1.2 Opgehoopte waardevermindering op voertuierkening (8)
- 4.2 Voltooi die volgende notas tot die Balansstaat op 28 Februarie 2005
- 4.2.1 Tasbare bates/Vaste Bates (17)
- 4.2.2 Handels- en ander ontvangbares (9)
- 4.2.3 Behoue Inkomste (7)

INLIGTING:**1. Uittreksel uit die Algemene Grootboek op 1 Maart 2004**

Gewone Aandelekapitaal	400 000
Aandelepremie	40 000
Behoue Inkomste	25 000
Grond en Geboue	240 000
Voertuie	300 000
Toerusting	150 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	92 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	70 000

2. Uittreksel uit die Na-Afsluitingsproefbalans op 28 Februarie 2005

	Debiet	Krediet
Gewone Aandelekapitaal		500 000
Aandelepremie		50 000
Behoue Inkomste		?
Grond en Geboue	240 000	
Debiteurekontrole	38 000	
Voorsiening vir oninbare skulde		760
Opgelope uitgawes		2 300
SAID – Inkomstebelasting		24 400
Krediteurekontrole		29 500
Vooruitbetaalde uitgawes	780	
Vooruitontvang inkomste		420
Aandeelhouders vir dividende		?

3. Addisionele inligting

- 3.1 Gedurende die jaar is sommige aandele teen 'n premie uitgereik.
- 3.2 Een van die voertuie is op 28 Februarie 2005 kontant verkoop teen 'n wins van R6 000. Die kosprys van die voertuig was R90 000 en die opgehoopte waardevermindering op 1 Maart 2004 was R45 000.
- 3.3 Waardevermindering is op voertuie teen 20% p.j. op die kosprys bereken en op toerusting teen 15% p.j. op die verminderde-saldo-metode.
- 3.4 Addisionele toerusting ter waarde van R50 000 is op krediet aangekoop op 28 Februarie 2005.
- 3.5 'n Interim dividend van R30 000 is verklaar en betaal op 31 Augustus 2004 en 'n finale dividend van 17 sent per aandeel is aanbeveel deur die direkteure op 28 Februarie 2005.
- 3.6 Nadat al die bogenoemde aansuiwerings en addisionele inligting in berekening gebring is, is die **netto wins na belasting** op R85 000 vir die jaar, bereken.

VRAAG 5**BESLOTE KORPORASIE****(30 punte; 18 minute)**

Capricorn Handelaars BK is 'n Beslote Korporasie met lede A. Capri en B. Corn. Die boekjaar eindig op 28 Februarie 2005.

OPDRAG:

- 5.1 Voltooi die volgende rekeninge in die Algemene Grootboek en saldeer/sluit die rekeninge af op 28 Februarie 2005:
- 5.1.1 Ledebydraes (5)
- 5.1.2 Suid-Afrikaanse Inkomstediens (Inkomstebelasting) (11)
- 5.1.3 Verdeling aan lede (4)
- 5.2 Bereken die bedrag van die **netto inkomste voor belasting** vir die jaar geëindig 28 Februarie 2005. (10)
- (**Wenk:** Jy kan 'n Verdelingsrekening opstel om jou te help).

INLIGTING:**1. Lys van saldo's geneem uit die grootboek op 1 Maart 2004**

Ledebydrae	R210 000
Behoue Inkomste/Opgehoopte Inkomste	23 400
SAID (Inkomstebelasting)	5 700 (Krediet)
Verdeling betaalbaar aan lede	44 500

2. Addisionele Inligting

- 2.1 Die bedrae verskuldiging aan die Ontvanger van Inkomste en aan die lede is ten volle op 30 Maart 2004 betaal.
- 2.2 Die onderneming het na 'n nuwe perseel, wat aan B. Corn behoort, op 1 Julie 2004 verhuis. Hy het versoek dat die eiendom, wat R120 000 werd is, as 'n verhoging tot sy ledebydrae in die onderneming beskou moet word.

- 2.3 Voorlopige belastingbetalings is soos volg gemaak:
- | | | |
|-------------------|---|---------|
| 1 September 2004 | - | R27 000 |
| 20 Februarie 2005 | - | R30 000 |
- 2.4 Die inkomstebelasting betaalbaar vir die rekeningkundige tydperk beloop R54 200.
- 2.5 'n Bedrag van R78 000 is beskikbaar gemaak vir verdeling tussen A. Capri en B. Corn in die verhouding 2:1 onderskeidelik.
- 2.6 Die Behoue Inkomsterekening het 'n saldo van R47 000 op 28 Februarie 2005 getoon.

VRAAG 6**KONTANTBEGROTING****(44 punte; 27 minute)**

Sipho en Lindani is twee studente wat as mede-eienaars van Zenzele Karwas, die onderneming oor naweke bedryf.

OPDRAG:

6.1 Kontantbegroting vir die twee maande geëindig 31 Desember 2005 (41)

6.2 Sipho en Lindani wil die bedrag vir dienste gelewer tot R10 000 verhoog deur Zee vanaf Januarie 2006 in diens te neem. Is dit volgens jou mening 'n goeie idee? Verduidelik kortliks. (3)

INLIGTING:

1. Werklike dienste gelewer

	vir kontant
September	3 500
Oktober	4 000

2. Begrote dienste gelewer

	vir kontant
November	6 000
Desember	8 500

3. Werklike verbruiksgoedere aangekoop

	vir kontant	op krediet
September	250	300
Oktober	350	400

4. Begrote verbruiksgoedere wat aangekoop gaan word

	vir kontant	op krediet
November	450	500
Desember	650	750

5. Verbruiksgoedere wat op krediet aangekoop word, word 30 dae na die aankope betaal.
6. 'n Lening van Utility Bank vir R5 700 is goedgekeur en sal in November 2005 ontvang word. Terugbetaling op die lening sal in ses gelyke paaielemente vanaf Desember 2005 geskied.
7. Siphon en Lindani betaal aan hulself 'n maandelikse salaris van R1 500 elk. Dit sal met R200 elk in Desember vermeerder.
8. Die onderneming huur 'n skoonmaakmasjien van Equipco BK teen 'n maandelikse huur van R550. Die kontrak verstryk op 30 Junie 2006.
9. Siphon en Lindani benodig 'n tweede skoonmaakmasjien om hulle dienste uit te brei. Hulle beplan om 'n die tweedehandse masjien vir R5 000 in November aan te koop. 'n Deposito van R1 300 is betaalbaar in November en daarna volg maandelikse paaielemente van R600 elk betaalbaar vanaf Desember.
10. Water en elektrisiteit beloop R300 per maand en sal in Desember met R40 verhoog word.
11. Skryfbehoeftes sal maandeliks kontant aangekoop word:

November - R100
Desember - R120
12. Die bankrekening van Zenzele Karwas het 'n oortrokke saldo van R3 500 op 31 Oktober 2005 getoon.

VRAAG 7**HANDELSVOORRAAD****(17 punte; 10 minute)**

Die volgende rekening is geneem uit die Algemene Grootboek van Ekhaya Handelaars:

OPDRAG:

Bestudeer die rekening en beantwoord die vrae wat volg:

Handelsvoorraadrekening							
2004 Mar 1	Saldo	a/b	74 800	2004 Mar 31	?	KAJ	3 000
31	Bank	KBJ	40 080		Diverse rekeninge	AJ	2 600
	Krediteure-kontrole	?	20 620		Koste van Verkope	KOJ	36 400
	Koste van verkope	DAJ	4 320		?	DJ	32 200
	?	KKJ	440		Saldo	o/d	66 060
			140 260				140 260
April 1	Saldo	a/b	66 060				

VRAE:

- Gee 'n verduideliking vir die inskrywing van R40 080 aan die debietkant van die rekening. (2)
- Gee EEN rede hoekom die rekening met R4 320 gedebiteer is. (2)
- Verkoop die onderneming meer goedere vir kontant as op krediet? Staaf jou antwoord met bedrae uit die rekening geneem. (3)
- Vanaf watter joernaal is die bedrag van R20 620 oorgeboek? (2)
- Die onderneming het sekere goedere ten bedrae van R3 000 aan die verskaffers teruggestuur. Noem die brondokument wat vir hierdie tipe inskrywing gebruik word. (2)
- Verskaf die kontra-rekeninge vir die volgende bedrae:
 - R440 (2)
 - R32 200 (2)
- Goedere is aan 'n plaaslike liefdadigheidsorganisasie geskenk. In watter bedrag in die bostaande rekening verskyn hierdie donasie? (2)

17

TOTAAL: 300